# *Hoofstuk D3*

# HERSTEL VAN GRONDREGTE

**Die Wet op Herstel van Grondregte** 22 van 1994

het op 2 Desember 1994 in werking getree.

## 1. DOEL VAN DIE WET

Die doel van die wet is om voorsiening te maak vir die herstel van regte in grond aan persone of gemeenskappe wat na 19 Junie 1913 as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het van sodanige regte ontneem is.

## 1.1 **Woordomskrywings** - Artikel 1

**"Billike vergoeding"** beteken enige billike vergoeding, behalwe die teruggawe van 'n reg in grond, wat, as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, voortspruit uit die ontneming van 'n reg in grond na 19 Junie 1913, en ook-

a) die verlening van 'n toepaslike reg in alternatiewe staatsgrond; en
b) die betaling van vergoeding.

**"eis"** beteken -

a) enige eis om herstel van 'n reg in grond wat by die Kommissie ingevolge hierdie Wet ingedien is; of
b) enige aansoek wat ingevolge Hoofstuk IIIA by die griffier van die Hof ingedien is met die doel om herstel van 'n reg in grond te eis.

**"eiser"** beteken enige persoon wat 'n eis ingedien het.

**"gemeenskap"** beteken enige groep persone wie se regte in grond verkry word uit gemeenskaplike reëls wat die toegang tot grond wat gesamentlik deur sodanige groep gehou word, bepaal, met inbegrip van 'n gedeelte van so 'n groep.

**"herstel van 'n reg in grond"** beteken -

a) die teruggawe van 'n reg in grond; of
b) billike vergoeding.

**"reg in grond"** beteken enige reg in grond hetsy dit geregistreer is, al dan nie, en kan ook die belange van 'n huurarbeider, en 'n deelsaaier, 'n gewoonteregtelike

belang, die belang van 'n begunstigde kragtens 'n trustooreenkoms en voordelige okkupasie vir 'n aaneenlopende tydperk van minstens 10 jaar voor die betrokke ontneming insluit.

## 1.2 **Reg op herstel** - Artikel 2

"(1) 'n Persoon is geregtig op herstel van 'n reg in grond indien-

a) hy of sy 'n persoon is wat na 19 Junie 1913 van 'n reg in grond ontneem is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het; of

b) dit 'n bestorwe boedel is wat na 19 Junie 1913 van 'n reg in grond ontneem is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gesdiskrimineer het; of

c) hy of sy die direkte afstammeling is van 'n persoon in paragraaf (a) bedoel wat gesterf het sonder om 'n eis in te dien en geen voorouer het nie wat-

   i) 'n direkte afstammeling is van 'n persoon in paragraaf (a) bedoel; en

   ii) 'n eis om die herstel van 'n reg in grond ingedien het; of

d) dit 'n gemeenskap of 'n deel van 'n gemeenskap is wat na 19 Junie 1913 van 'n reg in grond ontneem is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het; en

e) die eis om sodanig te herstel nie later nie as 31 Desember 1998 ingedien word.

(2) Geen persoon is geregtig op herstel van 'n reg in grond nie indien-

a) billike en regverdige vergoeding soos beoog in artikel 25(3) van die Grondwet; of

b) enige ander vergoeding wat billik en regverdig is,

bereken ten tyde van 'n ontneming van sodanige reg, ten opsigte van sodanige ontneming ontvang is.

(3) Indien 'n natuurlike persoon sterf nadat 'n eis ingedien is maar voordat die eis afgehandel is, en-

a) 'n testament nalaat waarby oor die reg of billike vergoeding wat geëis word, beskik word, kan slegs die eksekuteur van die bestorwe boedel, in sy of haar hoedanigheid as verteenwoordiger van die boedel of, by ontstentenis van die eksekuteur, slegs die erfgename van die oorledene; of

b) nie 'n testament in paragraaf (a) beoog, nalaat nie, kan slegs die direkte afstammelinge, as eiser of eisers vervang word.

(4) Indien daar meer as een direkte afstammeling is wat eise om herstel ingedien het en op herstle geregtig is word die betrokke reg of billike vergoeding nie volgens die getal individue verdeel nie maar by stake."